

Belê in verpleegkunde vir sterk, lewenskragtige gesondheidstelsels

Portia Jordan*

Ons vier Donderdag, 12 Mei [Internasionale Dag vir Verpleegkundiges](#) (IDV). Die tema vir 2022 is “Verpleegkundiges: ’n Stem om te lei – Belê in verpleegkunde en respekteer regte om globale gesondheid te verseker”. Vanjaar se tema beklemtoon verpleegkundiges se betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling en handhawing van lewenskragtigheid in gesondheidstelsels. Dit onderstreep die behoefte aan belegging in verpleegkunde sodat die beroep kan voortgaan om te help om die gesondheid van miljoene mense wêreldwyd te bevorder, te herstel en te handhaaf.

Verpleegkundiges is die dryfkrag agter hervormende verandering; hulle het die leiding geneem in betekenisvolle verbeterings in die lewering van talle dienste op alle vlakke van die stelsel – van beleid tot praktyk. Verpleegkundiges dra by tot dienslewering, oorsien en ontwikkel ander lede van die span; werk met en doen voorspraak vir pasiënte, hul gesinne en gemeenskappe; versamel inligting en rig die ontwikkeling van bewyse en navorsing. Hulle werk het altyd ’n kritieke invloed op pasiëntuitkomst.

Die belangrikheid van verpleegkunde op alle vlakke, insluitende op regerings- en beleidsvlakke van die gesondheidstelsel, moet erken word. Verpleegkundiges speel ’n sleutelrol in [die verbetering en versterking van gesondheidstelsels om gesondheid te herstel en te handhaaf](#).

Die gesondheid van die bevolking hang van ’n sterk gesondheidstelsel af wat, volgens die [Wêreldgesondheidsorganisasie](#), uit ses onderling verbonde boustene bestaan, naamlik: dienslewering; aanbod van ’n goed-presterende gesondheidswerksmag; instandhouding van ’n funksionerende gesondheidsinligtingstelsel; verskaffing van toegang tot noodsaaklike mediese produkte, inentings en tegnologieë; verskaffing van voldoende finansiering en versekering van leierskap en oorsigbestuur. Aangesien hierdie soort stelsel nie sonder ’n goed-presterende gesondheidswerksmag bereik kan word nie, moet ons in verpleegkundiges en ander gesondheidpraktisyns belê. Belegging in verpleegkundiges en die verpleegkundige beroep is die moeite werd om gesondheidstelsels te versterk en om hulle meer lewenskragtig teen gesondheidsnoodtoestande soos die Covid-19-pandemie te maak.

- Klik [hier](#) op die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Prof Portia Jordan is die Uitvoerende Hoof van die Departement Verpleeg- en Verloskunde in die Fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.**

